Oordenking
19 April 2017.

Ons het die Paas-Seisoen nodig.

Ons het die opstanding van Jesus Christus op Paassondag, 16 April 2017 gevier.
Maar ons moet nooit vergeet dat Christen aanbidding elke Sondag van die opstanding van Jesus getuig nie. Jesus het op die eerste dag van die week opgestaan. En ons aanbid op die eerste dag van die week, Sondae, sodat die wêreld sal weet ons aanbid **'n lewende Verlosser.**

Die opstanding van Jesus is die hoogtepunt van alle Christelike feesvieringe en van ons geloof. Daarom fokus ons vir die volgende 50 dae, *tot en met Pinkstersondag*, die Paastyd, op Christus se opstanding en die impak en betekenis daarvan om 'n lewende, opgestane Redder te volg en te aanbid.
En ons vergeet nie van die impak en betekenis van sy opstanding op die ongelowige gemeenskap om ons en op die volke, "*tot aan die einde van die aarde* " nie.

Die basiese boodskap van die Paastyd bly altyd: **Christus het opgestaan! Hy het waarlik opgestaan**. Dis so belangrik dat ons 'n Paastyd wat 50 dae duur nodig het om behoorlik na te dink, te reflekteer, oor die veelsydige en radikale implikasies van die Here se opstanding.

Hier volg 'n paar temas om oor te dink, van te leer en oor te bid in die Paastyd:
•*Jy kan weer onthou wat die opstanding sê oor Wie Jesus Christus werklik is - die almagtige en volmaakte Seun van God. (Psalm 16:10; Hand 2:25-28).*
• *Jy kan soek na die betekenis van die waarheid dat ons dood "verslind is in die oorwinning" (1 Kor 15:54-56).*
• *Jy moet jou afvra wat dit beteken dat die mag en krag van die verrese Jesus tot die beskikking van alle Christene, ook nog vandag is. (Efesiërs 1:15-23).*
• *Jy moet besluit hoedat die opstanding van Jesus jou verseker van jou eie opstanding uit die dood. 1 Korintiërs 15.*

Paastyd skep vir ons die tyd om diep na te dink en te bid oor wat die opstanding van Jesus vir my persoonlik beteken en wat dit beteken vir die Kerk en vir die hele wêreld.
Kom ons vier dit en groei in die geloof met fokus en energie.
En ervaar self die opstanding-lewe!